

HOOFTUK 2.

Die Eerste Begin, Buurt- en Kerkskole,
1859 - 1881.

1. Die Opstelling van 'n Onderwysplan, 1873.

(a) Die Eerste Tien jaar, 1859 - 1869.

Voordat daar nou oorgegaan word tot die behandeling van die drie state agtereenvolgens, dien daarop gelet te word dat gedurende die eerste tien jaar na die herstigting van die Gereformeerde Kerk in 1859, ons maar baie min gevonden in offisiële dokumente van die Gereformeerde Kerk vind. In die notules van die algemene vergaderings kom daar letterlik niks voor nie, en in die notules van kerkrade slegs sporadiese gevonden. Die rede hiervoor is ongetwyfeld die feit dat die gemeentes jonk was en dat daar dus baie ander sake was wat eers gereel moes word voordat aandag aan die onderwys gegee kon word.

(i) Kaapland:

Met die stigting van Rose-Innes se "Established Schools" in 1841 en sy derdeklas-skole van 1843, is bepaal dat die godsdiensonderwys sou bestaan uit die daaglikse lees van die Bybel vir 'n uur op 'n dag wat vir hierdie doel afgesonder is. Verder word sekteriese onderrig ten strengste verbied.¹⁾ Alle dogmatiese onderwys word dus hiermee uit die goewernementsondersteunde skole geweर en na die kerk verwys. Die Bybel is letterlik uit die skole geban en alle skoolonderwys sou in sekulêre onderrig opgaan toe die Onderwyswet van 1865 bepaal dat die godsdiensonderwys buite die skoolure moet val. Met hierdie Onderwyswet van

1) McKerron, A History of Education in South Africa, 27, 65.

1865 is daar dus nog 'n stap verder gegaan en daarom het die stryd ontbrand. Want hierdie uitsluiting van die godsdiensonderwys uit die staatsondersteunde skole deur die skoolwet van 1865¹⁾ was vir die grootste gedeelte van die Hollandssprekendes ondenkbaar en het 'n heftige pennestryd laat ontbrand. Ook lede van die Gereformeerde Kerk het hulle sterk hier teen uitge-²⁾ spreek. Daarom het hulle verkies om nie gebruik te maak van staatsondersteuning nie.

Nog 'n verdere bepaling, waarmee die Hollandssprekendes hulle nie kon vereenselwig nie, tegsames met die £- vir £-toelaag wat die wet van 1865 gestel het, was dat die onderwys-medium in alle "Established Schools" Engels moes wees terwyl die derdeklas-skole vir die platteland onderwys gedurende skoolure sover prakties moontlik deur medium Engels moes gee³⁾ binne twaalf maande vanaf die stigting van so 'n skool. Ook hierdie bepaling het die misnoëe gewek sodat oorgaan is tot die stigting van heelwat nuwe private skole. Hierdie skole het geen steun van owerheidswee ontvang nie en het gedurende skoolure godsdiensonderrig gegee,⁴⁾ terwyl hul medium ook uitsluitend Hollands was.

Dit sou eers drie jaar later wees dat die eerste besluit in offisiële kerkstukke van die Gereformeerde Kerk van Kaapland sou verskyn in verband met onderwysaangeleenthede. In die kerkraad van die Philipstownse Gereformeerde Kerk is toe gevra of die

-
- 1) Venter, Die Verband tussen Kerk en Skool in Suid-Afrika, 23 - 26.
 - 2) De Redakteur, De Niet-Sectarische School" in "De Maandbode", 1 April 1878.
 - 3) Du Toit, Onderwys in Kaapland, 96.
 - 4) Ibid., 101.

tyd nie aangebreek het om 'n skool op die dorp op te rig nie, waarop besluit is om die saak tot die volgende vergadering uit te stel.¹⁾ Op die volgende vergadering is egter besluit dat die plan op hierdie stadium nog nie uitgevoer kon word nie.²⁾ Intussen is die saak sterk gepropageer by die gemeente sodat in Oktober van die volgende jaar in 'n kerkraadsvergadering saam met die gemeente besluit is tot die oprigting van 'n skool. Omdat die skool geopen kon word met slegs 20 leerlinge, is besluit om voorlopig een hoek van die kerkgebou vir hierdie doel te gebruik. Ook is 'n skoolkommissie gekies aan wie opgedra is om 'n onderwyser te kies.³⁾ Die skoolkommissie het egter nie dadelik uitvoering aan hul opdrag gegee nie.

In die distrik Burgersdorp was daar beslis etlike private skole, want in 'n kerkraadsvergadering van die Gereformeerde Kerk word in Aug. 1868 besluit dat die skooleksamens van die buiteskole Saterdag met Nagmaal in die kerkgebou sou plaasvind.⁴⁾ Die volgende jaar verkry meester J. de Ridder toestemming van die kerkraad om sy Vrye Christelike Skool in die konsistoriekamer te huisves.⁵⁾

Op 'n kerkraadsvergadering van die Gereformeerde Kerk van Middelburg is in 1869 gespreek oor die oprigting van 'n gemeenteskool en is die steun van die ouers aan so 'n goeie voorneme toegesê.⁶⁾ Hierdie saak was weer ter sprake op 'n latere vergadering van

-
- 1) Philipstownse Kerkraadsnotule, 6 Junie 1868, Art. 4.
 - 2) Ibid., 30 Julie 1868, art. 4.
 - 3) Ibid., 2 Okt., 1869, artt. 2, 3, 4.
 - 4) Burgersdorpse kerkraadsnotule, 15 Aug. 1868, art. 9.
 - 5) Feestkomitee, Gouden Jubileum van Het Vyftig-jarige bestaan van de Geref. Gem. Burgersdorp, 87. De Wet, Eeu fees-Gedenkboek, Burgersdorp, 2.
Opmerking: In die kerkraadsnotules kon ons geen bevestiging hiervan vind nie.
 - 6) Middelburgse Kerkraadsnotule, 6 Okt. 1869, artt. 13, 28.

die kerkraad, en toe is besluit om die skool vir een jaar op te rig met H. Stijger as onderwyser teen 'n salaris van £100 per jaar aan kontant, 50 hamels en 10 mud meel.

Ook in Colesberg is 'n poging aangewend om 2)
'n skool op te rig maar, " voor het tegenwoordige
(werd) ook nog geen mogelijkheid gevonden om dat uit te 3)
voeren".

Dit is duidelik dat etlike gemeentes van die Gereformeerde Kerk in Kaapland die opvoeding van hulle kinders ernstig op die harte gedra het en dat daar besef is dat hulle eie skole moes oprig, aangesien hulle in die destyds bestaande skole geen aannembare inrigtings vir hulleself gesien het nie.

(ii) Transvaal:

In 1859 was die Nederduits Hervormde Kerk die staatskerk in Transvaal en gevolglik was die owerheidsskole Nederduits Hervormde skole. Die Onderwysreglement van 1859 is met die hulp van die Nederduits 4)
Hervormde predikant, ds. D. van der Hoff, opgestel. Ook die Algemene Onderwyskommissie het bestaan uit twee predikante van genoemde kerk, naamlik di. D. van der Hoff en P.A.C. van Heyningen, die Nederduits Hervormde onderwyser van Potchefstroom, H. van der Linden en 5)
Staatsprokureur B.C.E. Proes van dieselfde kerk. Hierdie reglement het dan ook lidmaatskap van die N.H. Kerk as vereiste vir die benoeming van onderwysers gestel.

- 1) Middelburgse Kerkraadnotule, 23 Des. 1869, artt. 2, 3.
2) Colesbergse Kerkraadsnotule, 21 Aug. 1869, art. 12.
3) Ibid., 2 Okt., 1869, art. 12.
4) Lugtenburg, Geskiedenis van die Onderwys in die S.A. Republiek, 63.
5) Coetzee, Onderwys in Transvaal, 27.
6) Malherbe, Education in South Africa, 229.

Op die goewernementskole was daar dus geen kans vir Gereformeerde onderwysers nie. En die beginselbesware van die Gereformeerdes was so aktueel dat hulle hul kinders nie in die Nederduits Hervormde owerheidskole wou plaas nie. Die enigste uitweg was dus private, Gereformeerde skole onder leiding en toesig van die kerk of gemeente.¹⁾ (Dit was eers in 1866 dat die klousule insake die lidmaatskap van die N.H. Kerk vir die goewernementsonderwysers opgehef en vervang is deur die eis dat hulle lede van 'n Protestantse kerk moet wees,²⁾ en selfs dit kon in die heersende staatkundige struktuur nie die Gereformeerdes bevredig nie.)

Alhoewel daar in Potchefstroom en distrik wel skole was op hierdie stadium,³⁾ was die Gereformeerdes nie daarmee tevrede nie soos blyk uit die feit dat die plaaslike kerkraad in 1864 besluit het om by die owerhede aansoek te doen om 'n stuk grond om daarop 'n kerk,⁴⁾ 'n skool, 'n pastorie en 'n kosterswoning te bou.

In dieselfde jaar vind ons ook dat ouerling P.J.W. Schutte, een van die stigters van die Gereformeerde Kerk op Rustenburg, van sy kerkraad verlof aanvra om vir 'n tydperk uit die gemeente Potchefstroom weg te gaan en wel na Rustenburg om sy kinders in ds. D. Postma se skool vir Gereformeerde kinders te sit. Onderwys na die eis van die Gereformeerdes was in Potchefstroom toentertyd dus nie beskikbaar nie.

- 1) Coetzee, Die Gereformeerde beginsel en die onderwys in Transvaal, 16.
- 2) Malherbe, Education in South Africa, 231.
- 3) Coetzee, Onderwys in Transvaal, 27, 28.
- 4) Potchefstroomse Kerkraadsnotule, 5 Feb. 1864, art.3.
- 5) De Redakteur, "Opening van School voor Onderwijs te Steynsburg" in "De Maandbode", 1 Maart 1875.
Opmerking: Alle pogings is aangewend om Rustenburg se kerkraadsnotule te bekom, dog niemand kon die hand daarop lê nie.
- 6) Potchefstroomse kerkraadsnotule, 15 April 1864, art. 9.

Een van die eerste Gereformeerde kerkskole in Suid-Afrika was dus dié in 1865 te Rustenburg opgerig.¹⁾ Die plaaslike gemeente het alle laste en verantwoordelikhede in verband met hierdie skole gedra.

Net soos in die geval van Kaapland, is dit duidelik dat etlike gemeentes van die Gereformeerde Kerk in Transvaal die opvoeding van hul kinders ernstig op die hart gedra het en dat daar besef is dat hulle eie skole moes oprig, aangesien hulle in die destydse bestaande skole geen aanneembare inrigtings vir hulle self gesien het nie.

(iii) Die Oranje-Vrystaat:

Alhoewel die Volksraad van die Oranje-Vrystaat in 1855 besluit het dat elke distrik 'n plaaslike komitee moes kies wat beheer sou voer oor plaaslike onderwyssake,²⁾... was dit eers teen 1863 met die aanname van die eerste onderwysordonnansie dat die onderwys werklik begin ontwikkel het. Tog is die onderwys nog steeds deur die Volksraad verwaarloos weens gebrek aan finansies.

Vandaar dat die Gereformeerde gemeente van Reddersburg kort na sy stigting daaraan gedink het om 'n skool op te rig op die wyse soos bepaal deur die Volksraadsbesluit van 1855, veral nadat onderwyser J.C. van Rooy van Cradock aansoek gedoen het om as onderwyser en voorsinger van die gemeente te kon optree.³⁾ Maar weens die klein aantal kinders kon daar nie dadelik oorgegaan word tot die oprigting van 'n skool nie.⁴⁾

-
- 1) De Redakteur, "Opening van School voor Onderwys te Steynsburg" in "De Maandbode", 1 Maart 1875.
 - 2) Malherbe: Education in South Africa, 357.
 - 3) Reddersburgse kerksraadsnotule, 15 Nov. 1861, art.5.
 - 4) Ibid., 3 April 1863, art. 9.

Ds. J. Beyer sou die saak nie daarby laat nie en het 'n skoolreglement, (hierdie reglement self kan nie gevind word nie) wat deur die kerkraad goedgekeur is, opgestel en eindelik is oorgegaan tot die plasing van advertensies vir 'n skoolmeester in die weekblad "De Tyd".¹⁾ Uit die kerkraad is ook 'n kommissie van vyf lede gekies wat toesig sou hê oor die onderwys-aangeleenthede. Die kerkraad se keuse vir 'n onderwyser val dan op die heer J. Stijger wat die skool reeds begin 2) het met nie minder as 70 leerlinge nie.

Alhoewel daar geen dokumentêre bewys vir die sluiting van hierdie skool gevind kan word nie, moes dit tog die geval gewees het, want in 1869 het J.A. Venter verlof van die kerkraad verkry om 'n skool te open in die konsistoriekamer.³⁾

Dit was dan die enigste skool bekend wat in hierdie tyd in die Oranje-Vrystaat op inisiatief van die Gereformeerdes opgerig is. Dieselfde stappe wat by die regering gemerk is i.v.m. die onderwys, bespeur ons ook by die Gereformeerdes van hierdie staat.

Skole wat tot 1869 deur Gereformeerdes in die drie state opgerig is, en die pogings tot oprigting van skole het uitgegaan van die inisiatief van individuele kerkrade.

b. Inisiatief van die Kerkverband.

Op die Algemene Sinodale Kerkvergadering van 1869, gehou te Potchefstroom, is 'n besluit geneem waaruit blyk dat die skoolvraagstuk 'n probleem van die kerk as geheel beskou is.

Die afgevaardigdes van twee gemeentes, naamlik Fauresmith en Colesberg, het op die sinode

1) Reddersburgse Kerkraadsnotule, 3 April 1863, art.7.
2) Ibid., 13 Feb. 1864, artt. 4, 5.
3) Ibid., 3 Julie 1869, art. 17.

voorgestel dat die onderwys van die jeug in die gemeentes meer onder die toesig van die kerk moet kom. Die sinode het dit baie wenslik geag en het aan die Kollege van Kuratore opgedra om die belangrike saak te behartig in oorleg met die dosente van die Teologiese Skool van die kerk om indien moontlik die eersvolgende sinode van 1) advies te dien. Die kuratore en dosente van die Teologiese Skool het in 1870 aan die opdrag uitvoering gegee deur die volgende voorstel aan te neem, wat aan die Sinodale Vergadering van 1873 voorgelê is. (Terselfdertyd is ook besluit om dadelik aan elke staat se Algemene Vergadering 'n afskrif van hierdie voorstel te stuur sodat die plan aan die verskeie gemeentes bekend gestel kon word.
2)

De Sijnode moedige den kerkeraden aan zooveel mogelijk "gemeentescholen op te rigten. De gemeenten worden vermaand geene onderwijzers te nemen, dan die ter goeden naam bij den kerkeraad bekend staan. Elke ouderling in zijne wijk doe, bij gelegenheid van elk nachtmaal, verslag van den toestand der scholen in zijne wijk. De leeraar houde geregeld examen, ook van de buitenscholen, wanneer hij huisbezoek doet. Als het eenigzins mogelijk is worde er eene vrijwillige kas opgerigt waaruit naar bevinding des kerkerads aan de onderwijzers in het distrik eene belooning worde gegeven, en waaruit eenige kleine prijzen voor de beste leerlingen worde bekostigd".
3)

Nadat hierdie aanbeveling vir die Kollege

-
- 1) Handelinge van die Vierde Algemene Sinodale Vergadering, 1869, art. 116.
 - 2) Notule Kuratorevergadering, 4 Julie 1870, art. 7.
 - 3) Handelinge van die Algemene Sinodale Vergadering, 1873, bylaag 4.

van Kuratore en dosente aan die gemeentes bekend gemaak is, vind ons dat die lidmate van die Gereformeerde Kerk in die "Almanak" aangespoor word om sulke skole op te rig om so die Christelike onderwys kragdadig aan te pak.

1)

In 'n artikel wat uit die "Opwekking" oorgeneem is, word gevra of die Christelike onderwys deur die lidmate van die kerk ter harte geneem word. Die aandag van die lezers word daarop gevestig dat die indrukke wat op die gemoed van die kind gemaak word, hom sy hele lewe lank bybly. Die vraag word verder gestel of die leser al christelike onderwysers by bure aanbeveel of christelike onderwys al by hulle gepropageer het. Daar word dan ook baie sterk op aangedring dat ouers moes sorg om van gelowige onderwysers gebruik te maak.

Die redakteur van die "Almanak" sê dat min onderwys gegee word en dat dit bowendien duur is omdat die mense so ver uitmekaar woon en daarom nie maklik skole kan oprig nie. Slaag die mense dan nog daarin om onderwysers te kry, is hulle in sommige gevalle nog 2) tevrede met onbekwame en karakterlose persone.

In dieselfde "Almanak" word dit betreur dat die mense tevrede is daarmee as die kinders maar net kan lees en skryf; hulle word dan selfs as volleerd beskou terwyl hulle in werklikheid maar baie min weet. Maar dan is die meeste ouers nog tevrede as hulle kinders van onbekwame onderwysers onderwys ontvang, of van onderwysers wat aan ander kerkgenootskappe behoort en

1) Almanak, 1871, "Christelijk Onderwijs", 31.

2) Almanak, 1871, "Het Onderwijs aan de Jeugd", 17.

wat soms nie eens weet wat hulle bely nie.

Ook diegene wat dink dat wetenskap sonde is, word tereggewys uit wat Salomo daarvan gesê het. Die artikel word dan afgesluit met die vraag wat gedoen kan word. Die redakteur se antwoord hierop is: „Scholen in de Gemeenten oprigten, waar de waarheid en wetenskap ten grondslag gelegd worden”; so sou hierdie onkunde verdwyn¹⁾.

Sommige gemeentes, almal in Kaapland, het gehoor gegee aan die oproep van die „Almanak” en het kragtige pogings aangewend om die skole wat reeds vroeër gestig is, in stand te hou en selfs uit te brei; in een geval het 'n nuwe skool tot stand gekom. Maar finansiële moeilikhede sou hierdie skole later verplig om te sluit²⁾.

So sou ook die vroeër opgerigte skool van J. de Ridder, wat onder beheer van die kerkraad van Burgersdorp gestaan het, finansiële moeilikhede ondervind. Die kerkraad wou graag die skool in stand hou en onderneem daarom om in die gemeente werksaam te wees en „aandeelhouers” te probeer vind³⁾. So goed het hierdie skool daarna aangegaan dat daar selfs gedink is aan uitbreiding. Die kerkraad neem dit op hom „om te beproeven of er eene gemeente school kon worden opgerigt”. Hulle neem dit voorlopig aan dat die skool ten minste £200 per jaar sou kos⁴⁾. Die kerkraad sien egter nie op hierdie stadium kans om so 'n groot bedrag jaarliks vir die instandhouding van die skool byeen te bring nie en besluit om finansiële steun van goewernementsweë te probeer verkry. Hulle stuur hierop 'n memorie „aan het Parlement over het vrijwillig beginsel”⁵⁾,

1) Almanak, 1871, „Het Onderwijs der Jeugd”, 33.

2) Ibid., 1872, 46.

Philipstownse Kerkraadsnotule, 1 Aug. 1873, art. 22.

3) Burgersdorpse Kerkraadsnotule, 30 Junie 1870, art. 4.

4) Ibid., 1 Okt. 1870, art. 15.

5) Ibid., art. 15.

('n Verduideliking van hierdie beginsel word later gestel op bls. 99.)

dog sonder enige gevolg. Eindelik was meester De Ridder verplig om die skool te sluit¹⁾.

Ook sou die vroeër opgerigte skool van Middelburg, Kaap, finansiële moeilikhede ondervind. Die werkzaamhede van hierdie skool is onder toesig van 'n "school-commissie" van Gereformeerdes geplaas, terwyl die diakonie van die Gereformeerde Kerk verantwoordelik sou wees vir die insameling van die onderwyser se traktement²⁾. Die onderwyser het ook die pos van voorsinger gekry teen 'n salaris van £25 per jaar³⁾. Maar ook hier het, soos reeds vermeld is, finansiële moeilikhede die deurslag gegee, en kon die kerkraad dit nie langer in stand hou nie. So is ook hierdie skool gesluit, en wel in Sept. 1872⁴⁾.

In Philipstown het onderwyser N.G. Schneider 'n private skool opgerig wat onder toesig van die plaaslike kerkraad van die Gereformeerde Kerk gestaan het. Schneider het ook diens verrig as skriba om so sy traktement aan te vul⁵⁾. Maar ook hierdie skool moes sluit as gevolg van finansiële moeilikhede⁶⁾.

Hierdie eerste gemeentelike skole is almal op dorpe gestig en het geblyk 'n mislukking te wees. As rede vir die mislukking kan, volgens latere getuie, die feit aangevoer word dat op die dorpe oorwegend Engelssprekendes woonagtig was⁷⁾ en die ondersteuning van sulke skole, finansieel sowel as deur die toesending van leerlinge, swak moet gewees het omdat die Afrikaanssprekendes op die plase woonagtig was en daarom onwillig was om hulle kinders na die

1) Burgersdorpse Kerkraadsnotule, 25 Nov. 1870, artt. 3, 15.

2) Middelburgse Kerkraadsnotule, 5 Feb. 1870, art. 5.

3) Ibid, 3 Maart. 1870, art. 5.

4) Vermeulen, Middelburg Kaap, Gedenkboek, 35 Opmerking: in die Kerkraadsnotules kon ons geen bevestiging hiervan vind nie.

5) Philipstownse Kerkraadsnotule, 5 Julie 1872, art. 6.

6) Ibid, 1 Aug. 1873, art. 6.

7) R, "Aan den Redakteur van De Maandbode", in "De Maandbode", 1 Okt. 1873.

dorpskole te stuur. Vandaar dat die „Hoofd-Commissie in zake het Onderwijs" sou aanbeveel dat kerkskole nie op dorpe opgerig word nie.

c) "Het Plan", opgestel deur die „Hoofd-Commissie in zake het Onderwijs", 1873:

Die kuratore se reglement vir die Gereformeerde onderwys is deur die sinode van 1873 goedgekeur ¹⁾. Nadat 'n breedvoerige bespreking oor die saak plaasgevind het, is besluit om 'n „Hoofd-Commissie in zake het Onderwijs" te benoem en om die Algemene Vergaderings van Transvaal, Vrystaat en Kaapland te versoek om subkommissies te benoem. Aan die Hoofkommissie, bestaande uit die twee dosente van die Teologiese Skool, di. D. Postma en J.L. Cachet, en ds. P.J.J. Viljoen ²⁾, word opgedra om 'n plan te beraam wat as leidraad vir die gemeentes kon dien. Die Hoofkommissie het hul plan nog op dieselfde sitting ingedien en is dan ook deur die sinode goedgekeur ³⁾. Hierdie plan is belangrik en het jare lank die Gereformeerde onderwys gereglementeer ⁴⁾.

Die Hoofkommissie beveel in die eerste plek aan dat het vergeefsche pogingen zijn om, zoo als de toestand onzer gemeenten is, scholen op het dorp op te richten. En daaroor is uwe commissie geleid geworden hare aandacht te vestigen op het stichten van scholen, welke zij gaarne buurtscholen wenscht genoemd te hebben. (Dit was eers tydens die sitting van die volgende sinode dat besluit is om „Kerkscholen" op dorpe op te rig ⁵⁾.

-
- 1) Handelinge van die Vyfde Algemene Sinodale Vergadering, 1873, art. 67.
 - 2) Ibid, art. 68.
 - 3) Ibid., art. 132.
 - 4) Coetzee: Die Gereformeerde Beginsel en die Onderwys in die Transvaal, 17.
 - 5) Handelinge van die Sesde Algemene Sinodale Vergadering, 1876, art. 248.

Hierdie buurtskole moes dan in die buitedistrikte of -wyke opgerig word.

Die "Plan" self bestaan uit 8 artikels ¹⁾:

Art. 1. "De Kerkraad benoemt uit zijn midde een commissie, aan welke de zaken van het onderwijs in de gemeente bijzonder zijn aanbevolen en die met die sub-commissie door de Algemeene Vergadering benoemd correspondeert.

Art. 2. "In de verschillende buurten des gemeentes zoeken de ouderlingen dies buurten buren op te wekken het volgende plan vereenigd tot stand te brengen.

Art. 3. "Er worde eene plaats, of een gedeelte van eene plaats gehuurd, met eene geschikte woning voor den onderwijzer en schoollocaal. De woning moet zoo ingericht zijn, dat de onderwijzer voor huisvesting der kinderen kan zorg dragen.

Art. 4. "De deelhebbers verbinding zicht tot eene vaste bijdragen voor niet minder dan twee jaren.

Art. 5. "De deelhebbers kiezen uit hun midden eenige leden, die met den ouderling het opzicht hebben over de school en het verschil tussen den meester en de leden besluit die commissie uit den kerkraad.

Art. 6. "Op de buurtscholen zal onderwezen worden ten minste: Hollandsch lezen en schrijven, cijferen, de beginselen des Engelsche taal, Aardrijkskunde, algemeene en Bijbelsche geschiedenis.

Art. 7. "Het volgende is eene raming van de kosten van zulk eene school:

Voor den onderwijzer van £150 tot £200.

Voor huur van eenen woning £50.

Voor Schoolbehoefthen £25.

1) Handelinge van die Vyfde Algemene Sinodale Vergadering, art. 73, bylaag 6.

De ouders zullen in de levensbehoeften hunner kinderen voorziën door het verschaffen van die noodige middelen aan waarde, bestaande uit hamels, meel, enz. Als er dus 30 kinderen op school zijn, zouden de Kosten voor één kind aan geld niet meer dan £9 per jaar zijn."

Hieruit blyk dit dus dat die Gereformeerdes hulle eie skole wou hê waarin Gereformeerde onderwys aan die kinders verskaf kon word. Dit is ook duidelik dat, al word die feit nie so direk gekonstateer nie, die Gereformeerdes uitgegaan het van die standpunt dat die ouers verantwoordelik is vir die onderwys van hul kinders, onder toesig van die kerk.

Op dieselfde sinode is 'n ander belangrike besluit oor die onderwys geneem. Die sinode het nl. 'n lys vrae opgestel wat deur elke gemeente elke jaar aan die Algemene Vergadering beantwoord moes word. Vraag 9 in hierdie lys lui: „Hoe gaan het met het onderwijs en de opvoeding van die jeugd ¹⁾?“ Die eerste deel vra na die skoolopvoeding terwyl die tweede deel na die huislike opvoeding vra. Hierdie besluit het elke gemeente elke jaar gedwing om rekenskap te gee van wat daar in sy midde gedoen is in verband met die onderwys en die opvoeding van die jeug.

2. Die Toepassing van „Het Plan“ in die Praktyk:

Hoe die Gereformeerdes in hierdie tyd gedink het oor die onderwys en wat die toestande was, vind ons baie duidelik in enkele briewe wat in 'n paar nommers van „De Maandbode“ verskyn het.

So skryf onderwyser J.C. van Rooy 'n brief waarin hy sê dat hy reeds 15 jaar in Suid-Afrika onderwys gee.

1) Handelinge van die Vyfde Algemene Sinodale Vergadering, 1873, art. 161.

In hierdie tyd was hy nog altyd minder as 'n jaar op elke plek werkzaam in skole waarin nooit meer as sowat 12 leerlinge was nie. Omdat onderwysers skaars was, moes families lank wag om 'n goeie onderwyser te kry, en moes dan maar later een huur „die geen bekwaamheid had voor zulk gewigting werk". Voorts spreek hy sy waardering uit vir die belangstelling wat die afgelope sinode in die onderwys openbaar liet, die onderwys wat inderdaad die grondslag behoort te lê vir die vorming van „brave burgers en oprechte leden des Christelike Kerk" ¹⁾.

H.Y.Z. ²⁾ skryf dat in hierdie tyd wel veel gespraak word oor onderwys, maar min gedoen word. Volgens hom is die grootste moeilikheid die verskynsel dat die buitebevolking ver uitmekaar woon en dat daar nie altyd losies vir kinders op 'n plaas waar 'n onderwyser hom bevind, verskaf word nie. Gewoonlik huur 'n gegoede boer 'n onderwyser vir sy kinders en as die boer so voel, neem hy 'n paar ander kinders as loseerders. Dit is soos dit gebeur dat 'n skool soms slegs vir 'n jaar bestaan.

H.Y.Z. kom dan met 'n plan voor die dag. Hy stel voor dat die onderwyser 'n plaas moet huur waarop hy dan 'n kosskool oprig.

R. ³⁾ vereenselwig hom volkome met H.Y.Z. daarin dat kerkskole in Kaapland op die dorpe 'n mislukte proef was en dat dit alleen 'n sukses kan wees as die aantal Hollandssprekendes op die dorpe groter sou wees. Hy bekeur dit dat buiteskole maar van 4 - 12 maande bestaan, want let maar op hoeveel hulp die boere moet ontvang in berekenings as hulle iets wil koop of verkoop! Vanwaar, vra die skrywer, kom dit dat sulke mense ander moet vra om hulle brieue te skryf, of dat hulle soms niks van

1) Van Rooy, „Onderwijs" in "De Maandbode", 1 Julie 1873.

2) H.Y.Z., „Het Onderwijs" in "De Maandbode", 1 Sept. 1873.

3) R, „Correspondentie" in "De Maandbode", 1 Des. 1873.

preke verstaan nie? Die rede hiervoor is volgens R die feit dat die mense te min skool gehad het. Hy doen dan aan die hand dat buurtskole 'n vaste standplaas met 'n vaste onderwyser sal hê.

A.Z.¹⁾ is ook van mening dat die uitmekaarwoon van die mense die oprigting van skole bemoeilik. Hy spreek hom verder sterk uit teen die dorpskole in Kaapland waar die medium Engels is. Gevolglik moet die kinders eers 'n paar jaar op die dorpskool wees voor hulle kan verstaan wat daar gesê word. Daarby beteken dit ook dat die kinders op 'n gevaaarlike leeftyd van hulle ouers weggestuur word. Ook hy is ten gunste daarvan dat die kinders by die onderwyser loseer, soos die geval dan ook in Europa is.

A.Z. is ook dankbaar vir die plan van die sinode om kerkskole op te rig en so te breek met die staatskole. Hy is nie daarteen gekant dat die kinders Engels sal leer nie; dit is intendeel 'n behoefte wat in Suid-Afrika gevoel word. Dog waarom kan dit nie in eie opgerigte skole geskied nie?

a) Geskiedenis:

1) Die Oprigting van Skole:

By herhaling het die sinode van 1876 die standpunt gestel: „De Kerk moeten zorgen voor de School"²⁾. Hierdie besluit is geneem nadat die Hoofkommissie verslag gedoen het dat daar die afgelope drie jaar wel iets gedoen is om gemeenteskole op te rig, maar dat hulle as kommissie daarvan geen kennis dra nie³⁾. Daarop word besluit dat die subkommissies, deur die Algemene Vergaderings benoem, jaarliks aan die Hoofkommissie verslag sou doen van wat in verband met die onderwys gedoen was en die Hoofkommissie sou dan aan die sinode 'n algemene verslag voorlê⁴⁾.

1) A.Z., „Correspondentie" in „De Maandbode", 1 April 1875.

2) Handelinge van die Sesde Sinodale Vergadering, 1876, 4.

3) Ibid, art. 17.

4) Ibid, art. 22.

Uit die verslae van die afgevaardigdes op die sinode van 1876 het dit geblyk dat die skaarste aan geskikte onderwysers veral die oprigting van buurtskole in die weg gestaan het. Nog steeds is gebruik gemaak van onbekwame en ongewenste onderwysers. Geen wonder dus dat hierdie sinode hom sterk uitspreek teen lidmate van die kerk wat van sodaniges gebruik maak ¹⁾. Sommige afgevaardigdes is daarom van mening dat dit die beste sou wees om onderwysers uit Nederland in te voer ²⁾. Die sinode sien egter nie die nodigheid daarvan in nie en besluit dat dit die beste sou wees om onderwysers voortaan aan die Teologiese Skool te Burgersdorp op te lei ³⁾.

Voorts beveel die sinode by die kerk in die algemeen en elke kerkraad en gemeente in die besonder aan, "om zooveel mogelijk, Kerkscholen" op te richten op de dorpen, of ook in de afgelegene wijken, onder de naam van, 'Buurtscholen', maar allen onder bestuur of althans onder het oppertoezicht van de kerkeraad respectief" ⁴⁾.

In die voorwoord van die handeling van die sinode van dieselfde jaar word die hoop uitgespreek dat die gemeentes hierdie beginsel, dat die kerk moet sorg vir die skool, sou uitvoer, al worse het ook met veel opoffering van geldelike uitgaven, want onderwijs der jeugd is zeker de dierbaarste zaak; zij mag dan ook wel de duurste zijn" ⁵⁾.

Ondanks hierdie ernstige aanmaning van die kant van die sinode dat voortgegaan moes word om uitvoering te gee aan die plan van 1873 se sinode, is nie veel vrug afgewerp nie. Die Hoofkommissie moes dan ook weer aan die sinode van 1879 verslag doen dat niks van die subkommissie

-
- 1) Handelinge van die Sesde Sinodale Vergadering, 1876, art. 217.
 - 2) Ibid, art. 17.
 - 3) Ibid, art. 116.
 - 4) Ibid, art. 248.
 - 5) Ibid, art. 4.

1)
ontvang is nie . So gering was die reaksie dat die leraar van Philipstown vra of die sinode nog die behoeft voel om voort te gaan met „Het Plan". Die sinode was egter van oordeel dat daar geen behoeft bestaan om die plan te wysig nie .
2)

Die plan van 1873 se sinode het egter nie geslaag nie. Die een buurt- en kerkskool na die ander het opgehou om te bestaan en die sinode het dit eenvoudig nie kon keer nie.

Die doel en ideaal met hierdie buurt- en kerkskole was om skole op te rig waarin die jeug opleiding en opvoeding kon ontvang volgens die Christelike wêrelde- en lewensbeskouing van hul ouers. Die oorsprong van hierdie strewe moet gesoek word in hulle trou aan die doopbelofte. Die handhawing van hulle heilige ouerregte het hulle onder destydse omstandighede, noodgedwonge 'n kerkistiese standpunt laat inneem. Die onmoontlikheid om die skole in stand te hou, het voortgevloeи uit gebrek aan die nodige fondse 3). Geen staatsteun (Beschuitfontein, Venterstad se skool, uitgesluit) is ontvang nie; alle uitgawes moes bestry word uit private fondse. In daardie jare was die gemeentes nog klein en was dit baie moeilik vir een gemeente om soveel finansiële laste, soos deur 'n skool meegebring word, te dra.

Sekerlik die vernaamste oorsaak vir die mislukking van die buurt- en kerkskole was die konkurensie van die staatskool wat te sterk was . Verder moet onthou

-
- 1) Handelinge van die Sewende Sinodale Vergadering, 1879, art. 116.
 - 2) Ibid, art. 17.
 - 3) De Redakteur, „Verslag der Algemeene Vergadering" in „De Maandbode", 1 Junie 1880.
 - 4) Steynsburgse Kerkraadsnotule, 3 Jan. 1878, art. 12.
 - 4) Venter: Die Verband tussen Kerk en Skool in Suid-Afrika, 88.

word dat die staatskool die steun van die Nederduits Gereformeerde Kerk gehad het. Aanvanklik was die plan van hierdie kerk ook om in elke gemeente 'n kerkskool op te rig, skole wat vernaamlik die leer van daardie kerk sou onderwys. Maar met die sinode van hierdie kerk in 1857 het daar verandering in hulle onderwyspolitiek gekom toe 'n kommissie aangestel is wat moes waak oor die belang van die Nederduits Gereformeerde Kerk by die staatskool. Hier het die Nederduits Gereformeerde Kerk sy onderwyspolitiek uitgespreek wat hy dwarsdeur die geskiedenis sou volg:
„sy breek nie met die Staatskool nie maar wil die Staatskool kristianiseer”¹⁾.

Ook die gebrek aan bekwame onderwysers, manne wat terselfdertyd die Gereformeerde beginsels toegedaan was, het stremmend ingewerk op die stigting van buurt- en kerkskole. „De Maandbode”, die „Almanak” en ook die sinodes het gedurig gewaarsku teen die aanstelling van onderwysers wat onbekwaam was en wat nie 'n goeie naam by die kerkraad gehad het nie.

Hierdie algemene gang van die onderwys het in die afsonderlike state soos volg verloop:

i) Kaapland:

Die Algemene Vergadering van Kaapland sou nie meer doen as om maar net subkommissies vir onderwys te kies nie. Die eerste het bestaan uit: ds. M.P.A. Coetzee en ouerlinge A.P. Steyn en L.J. van der Walt²⁾. Hiermee begin dan die bedrywighede van die Kaaplandse gemeentes op die gebied van die onderwys vir die tydperk 1873-1882.

In 1877 is weer 'n subkommissie gekies, bestaande

-
- 1) Venter: Die Verband tussen Kerk en Skool in Suid-Afrika, 63, 64.
 - 2) Notule van die Dertiende Algemene Vergadering van Kaapland, 1873, art. 19.

uit: di. M. Pelser, W.J. Snyman en M.P.A. Coetzee
1)
(junior) . Drie jaar later is weer 'n nuwe gekies en
wel di. P. Coetzee, P. Postma en ouderling H.L. Coetzee 2)
.

Alhoewel Kaapland se subkommissie self niks gedoen het nie, het die verskillende gemeentes van Kaapland die meeste sukses gehad met die oprigting van buurt- en kerkskole in vergelyking met Transvaal en die Oranje-Vrystaat.

Onder die opskrif: „Een Voorbeeld dat navolging verdiend", kondig die redakteur van „De Maandbode" in 1873 die oprigting van 'n kosskool op Ratelpoort aan. Hierdie skool in die Colesbergse distrik is opgerig nog voordat die sinode in daardie jaar vergader het. Nogtans vertoon dit sekere ooreenkoms met die sinodale plan van dielselfde jaar. Die 30 belanghebbendes was lede van sowel die Gereformeerde as die Nederduits Gereformeerde Kerke. Elke aandeelhouer kon een kind na die skool stuur, waarvoor hy jaarliks betaal vir die traktement van £300 vir die onderwyser 3) .

Die motief vir die stigting van hierdie skool waarin die samewerking gesoek en gevind is met die Nederduits Gereformeerde Kerk, moet waarskynlik gesoek word in die reaksie teen die skoolwet van 1865, aangesien in dielselfde tyd ook ander skole gestig is (alhoewel hulle nie in medewerking met die Gereformeerdes opgerig is nie) wat ook van geen staatsondersteuning gebruik gemaak het nie. Ons dink maar aan skole soos die een wat op Uitenhage deur ds. A. Steytler gestig is, sowel as die Paarlse Gimnasium van ds. G.W.A. van der Lingen, die eerste kampvegter teen

-
- 1) Notule van die Sestiente Algemene Vergadering van Kaapland, 1877, art. 21.
 - 2) Notule van die Negentiende Algemene Vergadering van Kaapland, 1880, art. 28.
 - 3) De Redakteur, Een Voorbeeld dat Navolging verdien, in „De Maandbode", 1 Julie 1873.

hierdie wet ¹⁾.

Ratelpoort se skool, wat baie goeie werk verrig het ²⁾, het na 'n 5-jarige bestaan met die buurtskool van Beschuitfontein geamalgameer en is daarna na Damplaats ³⁾ in die Burgersdorpse distrik verplaas.

Op die eerste Algemene Vergadering van Kaapland wat na die sinode van 1873 gehou is, maak die voorsitter bekend dat hy van goewernementsweë inligting ontvang het dat buurtskole aanspraak kan maak op goewernementsondersteuning. Maar die vergadering druk sy begeerte uit om liefs daarsonder skole op te rig ⁴⁾. Nogtans sou etlike buurt- en kerkskole van goewernementsondersteuning gebruik maak, (byvoorbeeld die skool van Beschuitfontein wat later voortgesit is op Damplaats ⁵⁾, sowel as die tweedeklasskool op Venterstad, wat albei onder toesig van die kerkraad gestaan het) ⁶⁾. Alhoewel die kerkskool van Steynsburg dit later ook in vooruitsit gestel het ⁷⁾, is nooit daarvan gebruik gemaak nie.

Die rede vir die besluit van die aandeelhouers van die drie gemeentes om van goewernementsondersteuning gebruik te maak, kan gesoek word in die feit dat die skoolwet van 1865 nie streng toegepas is nie. Dit blyk dan ook duidelik uit die bespreking wat plaasgevind het in die sinode van 1876. Uit die verslae van Kaapland, Oranje-Vrystaat en Transvaal se subkommissies van onderwys, (omdat geen verslag aan die Hoofkommissie gedoen is nie, word die subkommissies nou geroep om direk aan die sinode te

-
- 1) Du Toit, Onderwys in Kaapland, 102, 103.
Van Rooyen, Die Christelik-Nasionale Onderwysbeweging, 23.
 - 2) Almanak, 1877 Het Onderwijs aan de Jeugd", 54.
 - 3) Ibid, 1878, 44".
 - 4) Notule van die Twaalfde Algemene Vergadering van Kaapland, 1873, art. 19.
 - 5) De Redakteur, "Schoolnieuws" in "De Maandbode", 1 Des. 1874.
 - 6) Almanak, 1878, Het Onderwijs aan de Jeugd", 44.
 - 7) Notule van die Agste Algemene Vergadering van Kaapland, 1879, art. 21.

rapporteer) word dit duidelik dat min gedoen is om aan die sinodale plan van 1873 uitvoering te gee. Uit die bespreking wat daarop volg, word dit gestel dat, as die skoolwet van Kaapland streng sou toegepas word, die onderwys heeltemal godsdiensloos sou wees. Soos sake egter op hierdie stadium was, kon sonder groot gevaar gebruik gemaak word van goewernementskole.

Dieselfde getuie vind ons ook in "Maandbode" toe besluit moes word oor die manier waarop 'n sekere skool opgerig sou word: alhoewel die goewernement vrygewing en verdraagsaam is, gee die wet nie eintlik opening in die goewernementsondersteunde skole vir positiewe godsdiensonderwys nie, "tenzij de onderwijzer zelf daarvoor genegen is en het comiteé en ouders daarmee tevreden zijn,¹⁾ dan gaan het wel, anders niet". Dit het dus grootliks van die onderwyser afgehang, want die ouers van die Gereformeerde kinders sou godsdiensonderwys beslis in hulle skole verkies.

Die gemeente Burgersdorp:

Die Burgersdorpse Gereformeerde kerkraad sou van die eerstes wees wat belangstelling toon in die onderwys. En alhoewel dit aanvanklik maar gesukkel het, het dit tog later voorspoediger gegaan.

Nog in 1873 stel die kerkraad 'n kommissie aan wat belas is om werksaam te wees met die saak van die onderwys.³⁾ Hierdie kommissie maak dan ook vroeg die volgende jaar aan belangstellendes in "De Maandbode" bekend dat 'n vergadering op die plaas Kraaiplaats gehou sou word, waarop die moontlikheid bespreek sou word om 'n buurtskool op te rig.⁴⁾

-
- 1) Handelinge van die Sesde Sinodale Vergadering, 1876, art. 17.
 - 2) De Redakteur, "Schoolnieuws" in "De Maandbode", 1 Des. 1876.
 - 3) Burgersdorpse Kerkraadsnotule, 26 Des. 1873, art. 12.
 - 4) De Redakteur, "Aan alle belangstellendes in het onderwijs" in "De Maandbode", 1 Jan. 1874.

Volgens die verslag van die kommissie aan die kerkraad is nie dadelik finaliteit bereik nie, maar nadat moeilikhede uit die weggeruim is,¹⁾ is die skool opgerig.²⁾ Kort hierna slaag die kommissie ook daarin om 'n skool op die plaas Modderbult op te rig.²⁾

Meer gegewens is beskikbaar in verband met die buurtskool op Beschuitfontein in die Venterstadse distrik, wat 'n wyk van die Burgersdorpse gemeente gevorm het. In 1874 bied ouderling G.H.J. Kruger 'n gebou van vier vertrekke en 'n klaskamer, weiding vir 10 koeie en 50 skape op sy plaas aan vir die oprigting van 'n buurtskool.³⁾ Die kerkraad dra dit dan aan die wyksouderling en predikant op om alles in hulle vermoë te doen om so 'n skool daar opgerig te kry.⁴⁾ Die twee lede van die kerkraad belê 'n vergadering van belangstellendes vir 28 April, waarna aan die kerkraad verslag gedoen word dat daar alle hoop bestaan dat die skool 'n werklikheid sou word en dat die skool op Beschuitfontein sou wees.⁵⁾ Nog in dieselfde jaar ontvang die kerkraad 'n brief waarin onderwyser P.F. Joubert die kerkraad namens die skoolkomitee bedank vir die hulp in die oprigting van die buurtskool op Beschuitfontein, en waarin die kerkraad uitgenooi word om die opening van die skool by te woon.⁶⁾ Hierdie skool is dan op 5 Jan. 1875 geopen met 25 leerlinge.⁷⁾ Die volgende jaar doen die 12 aandeelhouers aansoek by die owerheid om staatsondersteuning, met die gevolg dat £100 per jaar aan hulle toegestaan word.⁸⁾

-
- 1) Burgersdorpse Kerkraadsnotule, 27 Feb. 1874, art. 7.
 - 2) De Redakteur, "Buurtsholen" in "De Maandbode", 1 Julie 1874.
 - 3) Burgersdorpse Kerkraadsnotule, 27 Feb. 1874, art. 7.
 - 4) Ibid, 28 April 1874, art. 14.
 - 5) Ibid, 4 Julie 1874, art. 31.
 - 6) Ibid, 2 Okt. 1874, art. 5.
 - 7) Ibid, 25 Feb. 1875, art. 13.
 - 8) De Redakteur, "Schoolnieuws" in "De Maandbode", 1 Des. 1874.

So maak Beschuitfontein se buurtskool dan gebruik van 'n staatstoelaag wat in 1873 ingestel is vir "District Boarding School", waarvolgens 'n toelaag van £100 per jaar toegesê word aan die hoofonderwyser van 'n distrik-kosskool .¹⁾

Dit het egter nie altyd so voor die wind gegaan met hierdie skool nie. So spreek ds. J.L. Cachet sy teleurstelling uit oor die swak belangstelling in die skool. Daar was tydens een vergadering nie eens 'n kworum om 'n nuwe komiteelid te kon kies nie. Hy waarsku dan dat dit sulke dinge is wat die opsieners, leraars²⁾ sowel as onderwysers, moedeloos maak .

Dié skool was later verplig om te amalgameer met dié van Ratelpoort, waarna dit verskuif is na Damplaats³⁾. Hierdie amalgamasie het nuwe lewe gebring, want die jaar na die verplasing word vermeld dat die skool mooi op dreef is⁴⁾.

Hierdie voorspoed sou egter maar van korte duur wees. Die getal leerlinge het so gedaal dat 'n moontlikheid bestaan het dat die skool sou sluit⁵⁾. Volgens die gemeentelike verslag aan die Algemene Vergadering in die volgende jaar, is daar vermeld dat die skool wel nog bestaan, maar dat die skoolbesoek baie versleg het⁶⁾.

Ook op Venterstad is in hierdie tyd 'n kerkskool opgerig. Op aansoeke wat gevra word vir 'n onderwyser teen 'n salaris van £225 per jaar met vrye inwoning⁷⁾,

-
- 1) Malherbe, Education in South Africa, 102.
 - 2) De Redakteur, "Buurtschool te Beschuitfontein" in "De Maandbode", 1 Nov. 1875.
 - 3) Almanak, 1878, "Het Onderwijs aan de Jeugd", 44.
 - 4) Burgersdorpse Kerkraadsnotule, 1 Nov. 1879, art. 18.
 - 5) Notule van die Agtiende Algemene Vergadering van Kaapland, 1879, art. 21.
 - 6) De Redakteur, "Verslag der Algemene Vergadering", in "De Maandbode", 1 Junie 1880.
 - 7) Ibid, "Schoolnieuws" in "De Maandbode", 1 Nov. 1876.

word I.S. Minnaar aangestel. Die skool word dan op 2 April van die volgende jaar (1877) geopen met 60 leerlinge¹⁾. Hierdie skool, wat ook gebruik gemaak het van goewernementsondersteuning²⁾, moes egter na twee jaar se bestaan sluit³⁾.

Nog 'n buurtskool wat in hierdie tyd in die Burgersdorpse gemeente opgerig is, is die een te Osfontein.

In 1876 doen die kerkraad se onderwyskommissie verslag van 'n byeenkoms wat gehou is op die plaas Tweefontein in verband met die oprigting van 'n kosskool te Osfontein. Volgens die kommissie sou die skool opgerig word deur aandeelhouers van wie 'n paar lede is van die Nederduitse Gereformeerde Kerk⁴⁾. In die kerkraad se verslag aan die Algemene Vergadering van die volgende jaar word dan ook melding gemaak van hierdie kosskool wat bekostig en bestuur word deur aandeelhouers met erkenning en vriendelike medewerking van die kerkraad⁵⁾. Die skool is geopen met 27 leerlinge onder meester D. Hartgerink D.z⁶⁾. Hartgerink sou later opgevolg word deur L.J. du Plooy, 'n vroeëre student aan die Teologiese Skool⁷⁾.

Die lewe van die buurtskool van Osfontein moet egter maar van korte duur gewees het, want in die verslag van Burgersdorp aan die Algemene Vergadering van 1879 word geen melding van hierdie skool gemaak nie⁸⁾.

-
- 1) De Redakteur, "Schoolnieuws" in "De Maandbode", 1 April 1877.
 - 2) Notule van die Tiende Algemene Vergadering van Kaapland, 1879, art. 21.
 - 3) Almanak, 1878, "Het Onderwijs aan de Jeugd", 44.
 - 4) Burgersdorpse Kerkraadsnotule, 22 Des. 1876, art. 7.
 - 5) Ibid, 31 Maart 1877, art. 20.
 - 6) De Redakteur, "Opening van De Buurtschool te Osfontein" in "De Maandbode", 1 Mei 1877.
 - 7) Ibid, "De Buurtschool te Osfontein" in "De Maandbode", 1 Des. 1877.
 - 8) Notule van die Agtiende Algemene Vergadering van Kaapland, 1879, art. 21.

Op Burgersdorp self was in hierdie tyd slegs 'n openbare skool¹⁾. In Burgersdorp se verslag van hierdie jaar aan die Algemene Vergadering word wel gehoop op die stigting van 'n kerkskool, maar die hoop is nie verwesentlik nie.

Die onderwystoestande in hierdie gemeente het verswak en later was daar slegs enkele private skooltjies waar behoorlike onderwys gegee is²⁾. In 1881 moes aan die Algemene Vergadering met leedwese kennis gegee word van die min belangstelling van die Burgersdorpse gemeente in die onderwys³⁾.

Die gemeente Steynsburg:

Steynsburg se gemeente het nie een enkele buurtskool gehad nie. Hier het slegs 'n kerkskool op die dorp bestaan.

Reeds voordat die sinode van 1876 besluit het oor die oprigting van kerkskole op dorpe, het Steynsburg al besluit om 'n dorpskool op te rig. Daar was in hierdie stadium wel 'n skool op die dorp, maar die dorpsouderling het nie die vrymoedigheid gehad om die ouers aan te raai om hul kinders daarheen te stuur nie. Daarom spreek die gemeente hom uit ten gunste van 'n kerkskool op die dorp⁴⁾. Weldra is 'n bedrag van £190 vir hierdie doel geïn by wyse van aandele wat verkoop is en kollektes. Omdat daar gevoel is dat daar eers £200 bymekaar gebring moes word voor dat die plan kon uitgevoer word, is die saak tot later uitgestel⁵⁾.

Die volgende jaar is die beoogde bedrag bymekaar gebring en is besluit om oor te gaan tot die stigting

-
- 1) Notule van die Vyftiende Algemene Vergadering van Kaapland, 1876, art. 15.
 - 2) De Redakteur, "Verslag van de Gemeentes" in "De Maandbode", 1 Junie 1880.
 - 3) Notule van die Twaalfde Algemene Vergadering van Kaapland, 1881, art. 18.
 - 4) Steynsburgse Kerkraadsnotule, 10 Okt. 1873, artt. 26, 27.
 - 5) Ibid, 29 April 1874, art. 8.

van 'n kerkskool. Ook is 'n kommissie uit die kerkraad benoem om die reglement op te stel wat voor die gemeente gelê sou word vir goedkeuring. Verder is besluit om onderwyser H.J. Todema, wat vroeër belangstelling getoon het in so 'n onderneming, van hierdie voorname in kennis te stel ¹⁾.

Nadat die reglement vir die skool opgestel is, is J.C. van Rooy deur die kerkraad as onderwyser aangestel en word die skool op 1 Feb. 1875 geopen met 30 leerlinge ²⁾.

Uit Steynsburg se verslag aan die Algemene Vergadering van daardie jaar blyk dit dat die skool goed beantwoord ³⁾. Maar nog in dieselfde jaar kon die aandeelhouers nie meer die onderwyser se salaris betaal nie en sou die skool moes sluit ⁴⁾. Gelukkig het 3 gemeenteleden onderneem om die agterstallige salaris van die onderwyser te betaal en hulle het ook 'n bedrag van £200 gewaarborg vir 'n verdere jaar. Hierop het Van Rooy hom gewillig verklaar om die skool weer te open. Die konsistoriekamer word verder weer afgestaan as skoollokaal. Op dieselfde vergadering is ook besluit om die gedeelte in die reglement wat bepaal het dat die gemeente verantwoordelik sou wees vir die onderwyser se salaris, so te verander dat die kerkraad in die vervolg daarvoor verantwoordelik sou wees ⁵⁾.

Die kerkraad het dit finansieel so moeilik gehad om al sy verpligtinge na te kom, dat hy genoop was om 'n kerkerf te verkoop om sodoende die geld te kon hê wat nodig was vir die salaris van die onderwyser ⁶⁾.

-
- 1) Steynburgse Kerkraadsnotule, 25 Sept. 1874, art. 5.
 - 2) De Redakteur, "Opening van School voor lager onderwijs te Steynsburg" in "De Maandbode", 1 Maart 1875.
 - 3) Steynburgse Kerkraadsnotule, 2 April 1875, art. 5.
 - 4) Ibid, 3 Des. 1875, art. 4.
 - 5) Ibid, 7 Jan. 1876, art. 4.
 - 6) Ibid, 1 Sept. 1876, art. 4.

Daarna het dit weer voorspoediger gegaan want intussen is 'n skoolgebou opgerig wat later selfs vergroot moes word ¹⁾. Van Rooy is ook gevra om kosgangers te neem ²⁾, 'n versoek waaraan hy egter nie wou voldoen nie ³⁾.

Hierdie opflikkering sou egter net van 'n tydelike aard wees. Deur finansiële moeilikhede wat die kerkraad ondervind het, sou Van Rooy weldra nie meer kans sien om langer aan te bly as onderwyser nie en lê dan die betrekking neer ⁴⁾.

In sy verslag aan die Algemene Vergadering van die volgende jaar sê die Steynsburgse kerkraad dat daar wel 'n openbare skool op die dorp bestaan, maar dat die kerkraad hoop om gou weer 'n beter ingerigte skool te hê, "met het oog op het godsdienstige" ⁵⁾. Aan hierdie wens kon hulle egter nie uitvoering gee nie. In Steynsburg se verslag aan die Algemene Vergadering is die volgende jaar die hoop uitgespreek om eerlang 'n goewernementsondersteunde skool te mag hê ⁶⁾.

Die gemeente Middelburg (Kaap):

Reeds in 1874 het die kerkraad van Middelburg, Kaap, besluit om 'n buurtskool op te rig. Maar omdat die kerkraad eers die gevoelens van die gemeente oor hierdie saak wou pols, is daar nie dadelik oorgegaan tot die uitvoering van hierdie gedagte nie ⁷⁾.

Nadat die ouderlinge hul wyke deurgegaan het, gee hulle verslag dat die gemeente nie kans sien om 'n buurtskool

1) Steynsburgse Kerkraadsnotule, 22 Jan. 1877, art. 2.

2) Ibid, 6 Okt. 1876, art. 13.

3) Ibid, 1 Des. 1876, art. 4.

4) Ibid, 3 Jan. 1878, art. 12.

5) Ibid, art. 12.

6) Notule van die Tiende Algemene Vergadering van Kaapland, 1879, art. 21.

Venter: Gedenkboek van die Gereformeerde Gemeente, Steynsburg, K.p., 118.

7) Middelburgse Kerkraadsnotule, 16 Feb. 1874, art. 5.

op te rig nie, maar dat hulle 'n skool op die dorp sou ondersteun .¹⁾ Omdat op die dorp, behalwe die kinders van die predikant, maar 3 kinders van die gemeente was, besluit die kerkraad om die saak voorlopig daar te laat en om intussen 'n skoolkas op te rig waaruit die onderwys in die gemeente ondersteun kan word. Terselfdertyd word besluit dat alle uitbetalings vir onderwysaangeleenthede deur die kerkraad sou geskied .²⁾

Die kwessie van die onderwys is weer ernstig bespreek op die kerkraadsvergadering van 16 Feb. 1877, toe die gevoel sterk uitgespreek is ten gunste van die oprigting van 'n buurtskool. In die wyk Willem Burgersrivier het 'n broeder sy plaas Grootvlei en 'n ou woonhuis teen £30 sterling per jaar vir die oprigting van 'n skool aangebied, mits die huis deur die kerkraad teen sowat £100 in goeie orde gebring sou word. Die kerkraad laat nie gras onder sy voete groei nie en stel dadelik vir H.C. van Rooy aan as onderwyser vir die skool. Verder word besluit om waarborge van minstens £100 jaarliks vir 6 jaar te laat teken .³⁾

Toe Van Rooy antwoord dat hy nie kans sien om die skool op te rig nie, is daar gevra of die kerkraad nie met 'n openbare vergadering sou saamwerk om 'n openbare skool op die dorp opgerig te kry nie. Die kerkraad verklaar hom gewillig vir samewerking en teken 'n waarborg vir £50 vir 'n tweedeklas-skool .⁴⁾ wat slegs tot die volgende jaar bestaan het .⁵⁾

Ds. Albertyn van die Nederduits Gereformeerde Kerk nader die Gereformeerde Kerk die volgende jaar weer

1) Middelburgse Kerkraadsnotule, 30 Mei 1874, art. 5.

2) Ibid, artt. 6, 7.

3) Ibid, 16 Feb. 1877, artt. 4, 7.

Vermeulen, Middelburg Kaap, 1852-1952, Gedenkboek, 136.

4) Middelburgse Kerkraadsnotule, 1 Junie 1877, artt. 4, 6.

5) Ibid, 15 Feb. 1878, art. 5.

met die oog op samewerking vir die oprigting van 'n openbare skool. Hiervoor het die Gereformeerde Kerk egter nie kans gesien nie¹⁾ en besluit om weer 'n plan te beraam om 'n kerkskool op die dorp te stig²⁾.

In Aug. 1880 doen die skoolkomitee verslag dat £90.10/- gevind is „als waarborg voor eene school, voor den tyd van drie jaren“³⁾. H.P.J. Buys word die pos vir 3 jaar teen £200 per jaar aangebied. Toe hy die aanbod nie aanvaar nie,⁴⁾ neem Van Rooy die pos aan.

Die gemeente Colesberg:

Die gemeente van Colesberg kon nie daarin slaag om 'n buurt- of kerkskool op te rig nie. Die kerkraad het dit in 1877 toegeskryf aan finansiële moeilikhede⁵⁾. Weliswaar is meester Joshua Naude se skool te Jakkalsfontein onder kerklike toesig geplaas op sy versoek in 1876⁶⁾, maar dit was 'n private skool en geensins 'n buurtskool nie.

Die onderwyssake in die gemeente van Colesberg het in die tyd daarna nie veel verbeter nie. Verder as drie private skooltjies in die gemeente sou dit dan ook nie voor 1881 kom nie⁷⁾. In sy verslag aan die Algemene Vergadering van 1879 het die kerkraad die swak toestand toegeskryf aan die skaarste van onderwysers⁸⁾.

Die gemeente Philipstown:

Philipstown se Gereformeerde gemeente het na die mislukking van die vorige skool wat in 1873 gesluit het,⁹⁾

-
- 1) Middelburgse Kerkraadsnotule, 23 Aug. 1878, art. 5.
 - 2) Ibid, 14 Mei 1880, art. 4.
 - 3) Ibid, 6 Aug. 1880, art. 3.
 - 4) Ibid, artt. 17, 21.
 - 5) Colesbergse Kerkraadsnotule, 20 Okt. 1877, art. 5.
 - 6) Ibid, 8 Okt. 1876, art. 6.
 - 7) Ibid, 18 Feb. 1881, art. 6.
 - 8) Notule van die Tiende Algemene Vergadering van Kaapland, 1879, art. 21.
 - 9) Philipstownse Kerkraadsnotule, 1 Aug. 1873, art. 22.

nie moed opgegee nie. Reeds in November van dieselfde jaar het die plaaslike leraar die onderwyssaak weer onder die aandag van die kerkraad gebring. Op hierdie stadium besluit die kerkraad om eers die gemeente voor te berei op die moontlike stigting van 'n skool, deur lyste uit te
1) stuur .

Dit sou egter eers in 1875 wees dat weer iets in hierdie rigting gedoen is toe kommissies gekies is vir die verskillende wyke wat moes sorg om aandeelhouers te vind en ook om te besluit waar skole opgerig moes word .
2)

Op die 21 ste Julie van dieselfde jaar doen die kommissies dan verslag: die kommissie vir die wyk Wintersveld kon geen aandeelhouers vind vir 'n buurtskool op 'n plaas nie, maar wel 8 aandeelhouers vir 'n kerkskool op die dorp; die kommissie vir die wyk langs Grootrivier verklaar dat die meeste gemeenteledere hier ten gunste van 'n buurtskool is, maar dat hulle eers die „schoolplaats, de onderwijzer en de school regulatien (wou) zien“, waarop „de commisjiën verzoekt worden om verder te werken, waarbij ook eene lijn voor hunne werkzaamheden bepaald werd“ .
3)

Ses maande later het die predikant verklaar dat hy van voorneme was om 'n kerkskool op die dorp op te rig. Die kerkraad keur dit goed dat getrag word om op 'n gemeentevergadering 25 aandeelhouers te vind om aandele teen £6 stuk vir 'n jaar te neem .
4) Van hierdie plan het niks gekom nie want op die volgende kerkraadsvergadering van 18 Maart 1876 word besluit om 'n buurtskool op die plaas Veenkraal van broeder Viljoen, wat sy plaas aangebied het vir twee jaar, op te rig. Terselfdertyd word dan 'n

1) Philipstownse Kerkraadsnotule, 1 Nov. 1873, art. 22.
2) Ibid, 26 Maart 1875, art. 21.
3) Ibid, 21 Julie 1875, art. 8.
4) Ibid, 3 Des. 1875, art. 3.

kommissie gekies wat moes sorg vir die oprigting van die
1)
buurtskool op Vekraal .

Hierdie skool te Vekraal sou egter nie opgerig word nie omdat daar £200 bestee sou moes word aan die regmaak van die geboue en daarvoor het die kerkraad nie
2)
kans gesien nie .

ii) Transvaal:

Die Transvaalse gemeentes sou in die jare 1873-1881) van politieke onsekerheid en veranderinge in hul gebied nie veel doen vir die onderwys nie. Die Algemene Vergadering het wel dadelik aan die werk gespring, maar veel vrugte sou dit nie afwerp nie.

Op die Algemene Vergadering in 1874 van die Gereformeerde Kerk in Transvaal, is uitvoering gegee aan die sinodale besluit van die vorige jaar deur die benoeming van ds. L.J. du Plessis en ouderlinge S.G. Yssel en J.J. Booysen tot lede van die Transvaalse subkommissie van
3)
onderwys .

Daarna is op die verskillende jaarlikse Algemene Vergaderings verslag gedoen van die aktiwiteite van die verskillende kerkrade in verband met die stigting van buurtskole. Die pogings was nie geslaagd nie, sodat reeds op die Algemene Vergadering van 1876 ouerling Yssel gevra is: „of het veilig is voor onze gemeenten om gebruik te maken van de Goevernementsscholen”? waarop die Algemene Vergadering besluit het: „Naardien het niet is de roeping dezer vergadering om de Goevernementsscholen te beproeven, zoo vindt zij voor sich geen vrijmoedigheid om leden onzer kerk dan maar veeleer af te raden van die scholen

1) Philipstownse Kerkraadsnotule, 18 Maart 1876, art. 13.
2) Ibid, 1 Sept. 1876, art. 7.
3) Notule van die Algemene Vergadering van Transvaal, 1874, art. 6.

gebruik te maken; en raadt mitsdien de kerkeraden en gemeenten dringend aan buurtscholen op te richten in de geest der beide laatsten Sijnoden onzer kerk" .¹⁾

Reeds vroeër in die jaar het die afgevaardigdes van Transvaal aan die sinode gesê: "dat men ook daar met geen vrijmoedigheid kan gebruik maken van Gouverments scholen" .²⁾ Na aanleiding van hierdie verklaring en ook soortgelykes van Kaapland en die Oranje-Vrystaat, het dieselfde sinode dan die gemeentes aangeraai om hul kragte in te span om buurt- en kerkskole op te rig .³⁾

Die onderwyswet van President T.F. Burgers het in dieselfde jaar van krag geword ⁴⁾ en die Gereformeerdes was nie goed gesind teenoor die Algemene liberale rigting van die nuwe regering nie .⁵⁾ Veral het hulle dit gehad teen artikel 26 wat lui: "Geen godsdiensonderwys wordt gedurende die schooluren gegeven: echter zullen de schoollocalen buiten de schooluren met goedvinden der schoolkomissiën, daartoe beschikbaar zijn voor Godsdienstleeraars of onderwijzers" .⁶⁾

In 'n toespraak wat in "De Maandbode" opgeneem is, probeer W.J. van Gorkum, die eerste Superintendent van Onderwys in Transvaal, dan ook die neutrale onderwyswet van Transvaal verdedig. Die redakteur skryf in 'n voetnoot onder die toespraak dat die Transvaalse vriende seker self bespeur het dat so 'n neutrale Superintendent en 'n neutrale toespraak nie by 'n Bybelse skool pas nie .⁷⁾

-
- 1) Notule van die Algemene Vergadering van Transvaal, 1876, art. 25.
 - 2) Handelinge van die Sesde Sinodale Vergadering, 1876, art. 21.
 - 3) Ibid, 1876, art. 248.
 - 4) Coetzee, Onderwys in Transvaal, 41.
 - 5) Ibid, Die Gereformeerde Beginsel en die Onderwys in die Transvaal, 19.
 - 6) Lugtenburg, Geskiedenis van die Onderwys in die S.A. Republiek, 95.
 - 7) W.J. van Gorkum, "Z.A. en het Neutrale Onderwys" in "De Maandbode", 1 Jan 1876.

Behalwe die voortdurende finansiële moeilikhede het die gemeentes ook te kampe gehad met die gebrek aan
1)
"goeie onderwysers".

Op hierdie moeilikhede het die Algemene Vergadering van 1880 die aandag gevestig en daar ook toe soos volg besluit: "Dat het uit de verlangen der gemeenten blijkt dat het onderwijs overal nog veel te wenschen overlaat en dat vooral door gebrek aan geschikte onderwijzers, die leden onzer kerk zijn, gaan de Vergadering er toe over om uit haar midden eene Commissie te benoemen, die staande de Vergadering een plan berame, ten einde in genoemd gebrek zoo spoedig mogelijk eene voorziening te maken".
2)

Die kommissie wat bestaan het uit ouerlinge D.G. Kruger, P.J.W. Schutte en G. Swanepoel rapporteer dan:

"dat zij geen ander plan weet dan aan te bevelen om art. 15 der Sijn Bepalingen beter te behartigen"³⁾, dit wil sê, die plan wat in 1873 deur die sinode aanbeveel is met die byvoeging van die sinodale besluit van 1876, dat die ouers self vir die onderwys van hul kinders moet sorg en bekostig.

Hierop het ds. J. de Ridder van Rustenburg ('n man wat self vroeër onderwyser was en wat steeds die belang van die onderwys op sy hart gedra het) aan die Algemene Vergadering kennis gegee dat hy 'n "skema van onderwys" uitgewerk het en dit intussen aan die verskilende kerkrade sou stuur vir kennismaking en beoordeling,
4) sodat die volgende Algemene Vergadering daaroor kon handel.

1) Almanak, 1871, "Het Onderwys aan de Jeugd", 17.

2) Notule van die Algemene Vergadering van Transvaal, 1880, art. 16.

Coetzee: Die Gereformeerde Beginsel en die Onderwys in die Transvaal, 19.

3) Notule van die Algemene Vergadering van Transvaal, 1880, art. 23.

4) Ibid, art. 23.

Op dieselfde vergadering is weer 'n subkommissie van onderwys vir Transvaal gekies, naamlik die leraars van Rustenburg en Potchefstroom¹⁾, t.w. di. J.L. Maury en J. de Ridder.

Op die Algemene Vergadering van die volgende jaar (1881) is die „skema van onderwys”, soos opgestel deur ds. De Ridder, in sy geheel aangeneem. Di. De Ridder, J. Maury en ouerlinge D.C.P. Coetzee, F.T. Dreyer en H.J. Smit word gekies as die hoofbestuur van hierdie skema²⁾. Dit is 'n merkwaardige dokument wat duidelik aantoon dat die Gereformeerdes van Transvaal nie net gepraat het nie maar ook tot dade in die onderwys oorgegaan het³⁾.

Hierdie reglement vir "De Vereeniging voor Gereformeerde Onderwys"⁴⁾, wat uit 19 artikels bestaan, het toe vir etlike jare die Gereformeerdes se pogings in verband met die skoolonderwys bepaal.

Die reglement het bepaal dat elke lidmaat van die Geref. Kerk lid van die vereniging kan word deur die betaling van 'n jaarlikse klein subskripsie na vermoë, waardeur die fondse opgebou word deur vrywillige gifte. Die doel van die vereniging was om in elke wyk van die respektiewe gemeentes twee of drie goeie skole te kry. Die Algemene Vergadering sou aan die verskillende kerkrade skrywe om hulle te versoek om in die wyke „hulpbesture” te stig wat sou sorg vir die intekening van lede en vir korrespondensie met die „hoofbestuur” van die vereniging. Die hoofbestuur sou alle pogings aanwend om jongelinge, lidmate van die Gereformeerde Kerk, te bekwaam vir onderwysers, aan wie steun uit 'n bepaalde kas, vir die doel

1) Notule van die Algemene Vergadering van Transvaal, 1880, art. 26.

2) Ibid, 1881, art. 14.

3) Coetzee, Die Gereformeerde Beginsel en die Onderwys in die Transvaal, 20.

4) Sien Bylae 1 op bladsy I vir die bepalinge van hierdie reglement.

van opleiding tot onderwysers verleen sou word. Voorlopig moes die plaaslike predikante optree as dosente vir die opleiding van aanstaande onderwysers, terwyl die eksamen deur die hoofbestuur afgeneem sou word. Die hulpbesture sou sorg vir behoorlike skoolhuise en -behoeftes en vir die salarissose van onderwysers. Die leerplan is min of meer soos in die ou sinodale "plan" vervat. Tweemaal per jaar moes eksamen gehou word. Die hulpbesture sou jaarliks aan die hoofbestuur verslag lewer oor die staat van die onderwys.

Opmerklik is dit dat in die "leerplan" van die vereniging se reglement Engels glad nie voorkom nie. Ons kan dit egter verklaar as ons daaraan dink dat die Eerste Vryheidsoorlog so pas in die guns van Transvaal beëindig is, en dat daar toe 'n algemene gevoel was teen alles wat Engels was.

Die gemeente Potchefstroom:

Die gemeente van Potchefstroom was een van die eerstes wat sou begin pogings aanwend om buurtskole te probeer oprig. So vra ouderling S.G. Yssel in 1874 aan die Potchefstroomse Kerkraad wat gedoen moes word in verband met die oprigting van buurtskole. Op hierdie vraag besluit die kerkraad dat elke ouderling en diaken in sy wyk moes werk om te sien of daar buurtskole opgerig kon word .
1)

Nadat die kerkraad op sy sitting 'n paar maande later van die verskillende wyke nader informasie aangaande die eventuele oprigting van buurtskole ontvang het, is besluit om die verdere afhandeling van die skoolsaak op te dra aan 'n kommissie, bestaande uit 3 lede .
2)

-
- 1) Potchefstroomse Kerkraadsnotule, 26 Jan. 1874, art. 4. Coetzee en Coetzee, Die Gereformeerde Kerk van Potchefstroom, 39.
 - 2) Potchefstroomse Kerkraadsnotule, 9 Okt. 1874, art. 3.

Dat die kommissie nie veel uitgerig het nie, is baie duidelik uit verslae van die kerkraad aan die Algemene Vergaderings. In antwoord op vraag 9 sê Potchefstroom in 1876 dat dit met die onderwys swak gaan ¹⁾. Ook het die toestand die volgende jaar geensins verbeter nie. Die kerkraad voer as rede aan dat die onderwys veel te wense oorlaat „door gebrek aan goede onderwijzers" ²⁾. Die volgende jaar se verslag was gunstiger, want Potchefstroom kon nou melding maak van enkele please waar wel sprake van skole is ³⁾. Die verslag van 1879 kon al melding maak van die feit dat dit goed gaan met die onderwys in twee wyke, terwyl dit in een nog maar swak gestel is ⁴⁾.

In 1880 het die kerkraad weer 'n nuwe kommissie gekies wat moes werk om buurtskole op te rig ⁵⁾. Hierdie nuwe kommissie se sukses is duidelik in die volgende verslag merkbaar, want toe kon melding gemaak word van 4 please waar gereeld skoolgehou word ⁶⁾.

Die „skema van onderwys" van ds. De Ridder is deur die plaaslike kerkraad op 'n vergadering in Mei 1881 behandel. Na aanleiding daarvan word dit aan die ouerlinge opgedra om in elke wyk 'n gemeentevergadering te hou om die saak te bespreek ⁷⁾.

Daar het intussen min verandering in die skool-toestand gekom want die kerkraad moes op 'n vergadering later in die jaar weer dieselfde antwoord gee op vraag 9 van die gemeenteverslag: „Het onderwijs laat over het algemeen veel te wenschen over, in eene wijk der gemeente

-
- 1) Potchefstroomse Kerkraadsnotule, 6 Okt. 1876, art. 12.
 - 2) Ibid, 28 Sept. 1877, art. 10.
 - 3) Ibid, 27 Sept. 1878, art. 7,
 - 4) Ibid, 22 Aug. 1879, art. 11.
 - 5) Ibid, 20 Feb. 1880, art. 12.
 - 6) Ibid, 24 Sept. 1881, art. 4.
 - 7) Ibid, 6 Mei 1881, art. 10.

wordt zedert ruim 3 jaren geregeld school gehouden, en
met die opvoeding der jeugd gaan het redelijk"¹⁾.

Die gemeente Pretoria:

Die gemeente van Pretoria was egter voorspoediger. In die wyk Daspoort is deur die bemoeiinge van daardie gemeente se skoolkommissie, 'n buurtskool op 30 Okt. 1876 geopen²⁾. Twee jaar later is in dieselfde gemeente 'n tweede buurtskool op 14 Oktober te Zandfontein geopen met J.Z. Collins as onderwyser³⁾.

Die gemeente Rustenburg:

'n Buurtskool is verder ook opgerig in die distrik van Zwartruggens, wat destyds 'n wyk was van die Rustenburgse gemeente. In "De Maandbode" van 1876 vra die aandeelhouers aansoeke vir 'n onderwyser. Hy sou aangestel word vir 2 jaar teen 'n salaris van £180 per jaar, benewens vry woning. Van die applikant word verwag dat hy "zal zijn der Bybel waarheden toegedaan". Verder sou hy hom moes onderwerp aan 'n ondersoek deur die skoolkommissie. In die volgende vakke sou onderwys gegee moes word: Hollands en Engels, lees, skryf, rekone, Aardrykskunde, Algemene Kerk- en Bybelse geskiedenis, asook sangkuns⁴⁾. (Hier is nou die eerste buurtskool waarin dit vermeld word dat die sangkuns geleer word). Hierdie skool is op die 7de Mei van die volgende jaar geopen op die plaas Waterval. Meester Leonard de Beer het begin met nie minder as 27 leerlinge nie⁵⁾.

-
- 1) Potchefstroomse Kerkraadsnotule, 23 Sept. 1881, art. 11.
 - 2) De Redakteur, "Stigting der School in de Z.A.R." in "De Maandbode", 1 Jan 1876.
 - 3) Ibid, "Opening der Buurtschool te Zandfontein, dist. Pretoria" in "De Maandbode", 1 Feb. 1879.
 - 4) Ibid, "Aandeelhebbers School" in "De Maandbode", 1 April 1876.
 - 5) Ibid, "Opening van de Buurtschool te Zwartruggens, dist. Rustenburg" in "De Maandbode", 1 Julie 1877.

iii) Die Oranje-Vrystaat:

Die eerste Oranje-Vrystaatse subkommissie van onderwys wat in 1875 gekies is, het bestaan uit ds. A. Coetzee en ouderlinge J.J. Reinecke en D.J.A.D. Coetsee¹⁾.

Die Oranje-Vrystaat sou egter nie so 'n stryd soos Kaapland en Transvaal moes voer teen liberale wetgewings in verband met onderwysaangeleenthede nie. Ouderling D.J.A.D. Coetzee, lid van die subkommissie van onderwys,²⁾ het dit dan ook op die sinode van 1876 kon bevestig.³⁾ Ouderling Coetzee moet hier veral die beleid van die Vrystaatse Regering ten opsigte van godsdiensonderwys in gedagte gehad het wat bepaal het dat godsdiensonderrig in die skole beperk word tot die lees van die Bybel en Bybelse geskiedenis wat die onderrig in dogmatiek insluit.³⁾ Vandaar dan ook dat die Oranje-Vrystaatse gemeentes miskien meer gebruik sou maak van goewernementskole en minder doen om buurtskole op te rig.

Van die afgevaardigdes' na hierdie Algemene Vergadering kla in 1876 dat daar lidmate is wat hul kinders se opvoeding verwaarloos en hulle ongeleerd laat bly. Hierop besluit die Vergadering dat sulke ouers onder⁴⁾ kerklike tug geplaas moet word.

Die gemeente Ventersburg:

Reeds in 1873 word op 'n kerkraadsvergadering van die Gereformeerde gemeente van Ventersburg verlof aan twee broeders lidmate toegestaan om in die kerkgebou skool te mag hou. Aan ouerling S. Venter word dit ongedra om 'n kontrak vir die doel op te stel.⁵⁾ (Die kontrak self

1) Notule van die Algemene Vergadering van die Oranje-Vrystaat, 1875, art. 7.

2) Handelinge van die Sesde Sinodale Vergadering, 1876, art. 20.

3) Malherbe, Education in South Africa, 364.

4) Notule van die Vyftiende Algemene Vergadering van die Oranje-Vrystaat, 1876, art. 15.

5) Ventersburgse Kerkraadsnotule, 3 Mei 1873, art. 10..

kon nie gevind word nie). Hierdie skool sou egter net vir twee maande in die kerkgebou bestaan ¹⁾.

Dat die Ventersburgse gemeente nie oor buurtskole beskik het nie, blyk baie duidelik uit die verslag van hierdie gemeente aan die Algemene Vergadering van 1881 wanneer op vraag 9 geantwoord word: „Meestal geven de ouders zelf onderwijs de Kerkeraad heeft daarover niet ²⁾ bijzonder te klagen”.

Die gemeente Reddersburg:

Meer gegewens vind ons in die offisiële dokumente van die gemeente van Reddersburg. Dat hierdie gemeente die behoefté gevoel het aan Gereformeerde onderwys, sien ons in hul kerkradsbesluit om op die Algemene Vergadering te praat oor „eene school opterigten nevens de Theologische School, alwaar middelbare onderwys gegeven wordt ...” ³⁾. Van hierdie voorneme het egter niks gekom nie.

Reeds in 1874 moet in hierdie gemeente al 'n skool gewees het, want in die kerkradsnotule van daardie jaar word vermeld dat, nadat die ingekome stukke van onderwyser L.C. Branders deur die kerkrad nagesien is, op versoek van ouderling J. Koetzer besluit word dat die predikant en die wyksouderling 'n besoek aan die skool moes bring. Die kerkradslede word verder opgewek om lidmate in elke wyk sover te probeer **kry** om buurtskole op te rig ⁴⁾.

Enige maande later word besluit dat 'n skoolkommissie vir ouderling Koetzer se buurtskool gekies moet word, waarop drie lede hulle die benoeming laat welgeval het ⁵⁾.

-
- 1) Ventersburgse Kerkradsnotule, 19 Des. 1873, art. 4.
 - 2) Ibid, 1 April 1881, art. 6.
 - 3) Reddersburgse Kerkradsnotule, 14 Nov. 1873, art. 23.
 - 4) Ibid, 22 Mei 1874, artt. 17, 18.
 - 5) Ibid, 14 Aug. 1874, art. 29.

In 'n brief wat in 1875 geskryf is deur Reddersburg se leraar, ds. A. Coetsee, word berig dat die Gereformeerdes van Reddersburg 'n bloeiende goewernementsondersteunde kerksaal met 60 leerlinge op die dorp opgerig het, met H.J. Schepers as onderwyser. In dieselfde brief word ook berig dat die buurtskool op ouerling Koetzer ¹⁾ se plaas nog steeds in bloeiende toestand verkeer.

2) Beheer van Skole:

Die bedoeling van "Het Plan" van 1873 was beslis nie dat net Gereformeerde ouers se kinders in die buurt- en kerkskole opgeneem sou word nie en die gemeentes het dit beslis ook nie so geïnterpreteer nie ²⁾. In die plan word gesê dat die wyksouerling bure moes opwek om aan die plan uitvoering te gee. Nou sal dit sekerlik 'n sonderlike verskynsel wees as 'n hele buurt se mense almal net aan een kerk behoort.

Dat dit hoofsaaklik Gereformeerde skole sou wees, spreek vanself, aangesien die inisiatief vir die oprigting uitgegaan het in die eerste plek van die kerkrade, wat op aanbeveling van die sinode van 1873 skoolkommissies uit hulle midde benoem het. Hierdie kommissies moes werk deur bure op te wek om sulke skole tot stand te laat kom. In enkele gevalle het die kerkradslede self die propagandawerk ³⁾ gedoen.

Die kerkrade self, of anders kommissies uit die kerkrade, het ook die skoolreglemente opgestel. In die gevalle waar kommissies die reglemente opgestel het, moes dit vir goedkeuring voor die kerkrade gelê word ⁴⁾.

-
- 1) Ds. A. Coetsee, "Een Brief" in "De Maandbode", 1 April 1875.
 - 2) Burgersdorpse Kerkraadsnotule, 22 Des. 1876, art. 7.
 - 3) Reddersburgse Kerkraadsnotule, 14 Aug. 1874, art. 29. Steynsburgse Kerkraadsnotule, 25 Sept. 1874, art. 5. De Redakteur, "Stigting der School in de Z.A.R." in "De Maandbode", 1 Jan. 1876.
 - 4) Middelburgse Kerkraadsnotule, 4 Des. 1880, art. 7.

As voorbeeld van reglemente gee ons twee, naamlik dié van Steynsburg se kerkskool en dié van Beschuitfontein se buurtskool.

Die reglement van Steynsburg¹⁾ se kerkskool bestaan uit 27 artikels en kom in hoofsaak ooreen met dié van ander skole. Hier volg dan 'n saaklike weergawe van die inhoud: Die gemeente gee 'n geldelike waarborg vir 5 jaar (later is die woord "gemeente" elke keer vervang met "kerkraad"); 'n kommissie van toesig word benoem; die kommissie is verplig om elke jaar verslag van die skool aan die gemeente te doen; die skoolure word bepaal op 5 uur daagliks asook die vakke: Hollandse taal, lees en skryf, Engelse taal, Rekene, Aardrykskunde, Bybelse en Algemene Kerkgeskiedenis. Die skoolgelde word bepaal asook gratis onderwys aan behoeftige kinders. Die salaris van die onderwyser word vasgestel op £200 per jaar. Verder word ook die diensvoorwaardes van die onderwyser bepaal. Ten slotte word ook die vakansies bepaal.

Interessant is ook die reglement van Beschuitfontein se skool²⁾. Ons gee slegs 'n saaklike opsomming van die nadere bepalings, aangesien die algemene bepalings in 'n groot mate ooreenkoms met die van Steynsburg: skoolure word bepaal; kinders moet self voorsien in hul skryf-behoeftes; geen kind word toegelaat om sonder verlof te praat nie; geen byname mag gegee word nie; die skool sal 'n "slecht gedrag teeken" hê vir die wat Hollands praat, skeldname gebruik, ens. Die een wat die teken die langste het, sal straf ontvang. Die onderwyser sal 'n boek daarop nahou waarin hy verslag sal hou van elke kind se prestasies asook

-
- 1) Sien Bylae 2 op bladsy V vir die bepalinge van hierdie reglement.
 - 2) Sien Bylae 3 op bladsy VIII vir die bepalinge van hierdie reglement.

van sy gedrag. Verder is daar ook reëls wat deur die kosgangers gevolg moes word: die lui van elke klok word presies verduidelik; wanneer dit leertyd is; seuns en dogters sal apart speel en nie sonder verlof met mekaar praat nie.

Getrou aan die sinodale plan van 1873 is skoolkommissies gekies waarop die wyksouderlinge gewoonlik sitting gehad het, terwyl die predikante gewoonlik as voor-sitters gekies is ¹⁾. Ook het die predikante gewoonlik die skooleksamens afgeneem ²⁾.

Hierdie skoolkommissies stel dan ook die salarissee van die onderwysers vas en hulle moes sorg dat die geld uitbetaal word ³⁾. Slegs in een enkele geval vind ons dat die gemeente verantwoordelik gehou is vir hierdie saak, naamlik Steynsburg. Later is dit egter so verander dat die kerkraad die verantwoordelikheid daarvoor aanvaar ⁴⁾.

b) Doel met die Gereformeerde Skole:

Die Algemene doel met die oprigting van buurt- en kerkskole was om die onderwys van die jeug in die gemeentes meer onder die toesig van die kerk te plaas ⁵⁾, soos voorgestel deur die afgevaardigdes van Fauresmith en Colesberg se gemeentes ⁶⁾.

Die besondere doel word mooi geformuleer deur ds. J. Lion Cachet as hy by die opening van die buurtskool op Beschuitfontein sê dat die kinders opgevoed moet word vir

1) De Redakteur, "Schoolnieuws" in "De Maandbode", 1 Nov. 1879.

Burgersdorpse Kerkraadsnotule, 5 Sept. 1873, art. 14.

De Redakteur, "Schoolnieuws" in "De Maandbode", 1 Aug. 1876

2) Ibid, 1 Feb. 1880.

Ibid, 1 Des. 1876.

3) Ibid, 1 Des. 1876.

Ibid, 1 Aug. 1876.

4) Steynsburgse Kerkraadsnotule, 7 Jan. 1876, art. 4.

5) Handelinge van die Vierde Sinodale Vergadering, 1869, art. 116.

6) Sien bl. 31 en 32.

die groot doel waarvoor God hulle gegee het, naamlik dat hulle deur Christelike onderwys „onder afwachting van 's Heeren zegen, toebereid worden om leden der Kerk en maatschappij te zijn”¹⁾.

Ook onderwyser J.C. van Rooy stel die doel baie duidelik as hy by die opening van die skool op Steynsburg sê: „..... wij willen uwe kinderen niet aardsche opvoeding noch het ongeloof in hen aankweken, maar wij willen ze wel opvoeden voor de sameleving. Wij wenschen het niet als onverschilligen en zoutlozen in kerk en in staat te zien opgroei en een doods en nutteloos leven te zien leiden. Wij willen hen evensmin als zoovele pedanten boven de sameleving opvoeden en hen over alles wat eenvoudig is den neus doen ophalen”. Ons wil hulle opvoed tot „sieraden der maatschappij en der kerk”²⁾.

In meer heldere taal kon hierdie doel van 'n Christelik-nasionale opvoeding seker nie gegee word nie.

c) Leerlinge van die Buurt- en Kerkskole:

Die vasstelling van die klasgelde is gewoonlik deur die kerkrade gedoen en het gewissel van £5 per kind per jaar³⁾ tot £12⁴⁾. Slegs in een geval vind ons dat aansoek gedoen is by die kerkrad om vrystelling van skoalgeld, naamlik by Colesberg. Aan die versoek kon die kerkrad weens finansiële moeilikhede nie voldoen nie⁵⁾. Alhoewel in Steynsburg se skoolreglement bepaal is dat behoeftiges kon aansoek doen om gratis onderwys⁶⁾,

-
- 1) De Redakteur, "Opening van het School te Beschuitfontein" in "De Maandbode", 1 Feb. 1875.
 - 2) Ibid, "Opening van School voor lager ondervijs te Steynsburg" in "De Maandbode", 1 Mei 1875.
 - 3) Steynsburgse Kerkradsnotule, 6 Okt. 1876, art. 13.
 - 4) De Redakteur, "Schoolnieuws" in "De Maandbode", 1 Des. 1876.
 - 5) Colesbergse Kerkradsnotule, 26 Nov. 1877, artt. 5, 6.
 - 6) Steynsburg Kerkradsvergadering, 7 Nov. 1874, art. 17.

is niks gevind wat daarop dui dat van hierdie voorreg gebruik gemaak is nie.

Die leerlinge het altyd 'n eervolle plek ingeneem by plegtighede wat in verband met skole gestaan het. So het die openingsplegtigheid van die kerkskool van Steynsburg in die kerk plaasgevind. Hier het die onderwyser en die leerlinge voor die kansel gesit, terwyl die kerkraadslede, lede van die skoolkommissie, leraars en besoekende onderwysers aan weerskante van die preekstoel plaasgeneem
1) het .

d) Inhoud by die Buurt- en Kerkskole:

Die inhoud van die onderwys aan die Gereformeerde skole spreek uit die vakke wat aangebied is.

Wat die vakke betref, het die onderwysers hul streng gehou aan die bepaling van die sinodale voorskrif. Besonder klem is gelê op die godsdienstige oortuiging van
2) die onderwysers, veral met die oog op godsdiensonderwys .

Merkwaardig is 'n ander vak wat smiddae na skool by Beschuitfontein se buurtskool geleer is. Mev. Joubert, eggenote van die onderwyser het haar naamlik gewillig verklaar om aan die dogters tussen ure vroulike handwerk
3) gratis te onderwys .

Vaderlandse geskiedenis moet beslis 'n ereplek ingeneem het in die buurt- en kerkskole, aangesien ds. D. Postma kla dat dit agterweë bly in die openbare skool waar daar eintlik net gekonsentreer word op die geskiedenis
4) van Engeland . Die Algemene Vergadering van Kaapland het dan ook in 1872 aanbeveel dat die kerkrade "goede lees-

-
- 1) De Redakteur, "Opening van School voor lager onderwijs te Steynsburg" in "De Maandbode", 1 Feb. 1875.
 - 2) Ibid, "Schoolnieuws" in "De Maandbode", 1 Nov. 1876.
Ibid, 1 Aug. 1876.
 - 3) Ibid, 1 Sept. 1874.
 - 4) D. Postma, "Over Het Onderwijs" in "De Maandbode", 1 April 1877.

boekjes, vooral geschiedenisseren bevattende", sou invoer en versprei¹⁾. (Dit kan egter nie vasgestel word watter boeke ingevoer is nie. Aangesien die Gereformeerdes die klem laat val het op Suid-Afrikaanse geskiedenis, kan aangeneem word dat die geskiedenis sou handel oor die vaderlandse geskiedenis).

Sprekende van die Transvalers se sukses in die Eerste Vryheidsoorlog, koester ds. D. Postma die hoop dat geskikte Hollandse skoolboeke vir Suid-Afrika aangeskaf sal word²⁾. Die skoolboeke wat daar dus bestaan het, moet alles behalwe geskik geag gewees het vir Suid-Afrika.

Van die eksamens is 'n hele plegtigheid gemaak. Gewoonlik is die eksamens deur 'n predikant of predikante afgeneem, in teenwoordigheid van ouers, lede van die skoolkommissie en ander belangstellendes. Na die eksamen word pryse uitgedeel, waarna die vakansie dan begin³⁾.

e) Die Taalvraagstuk in die Buurt- en Kerkskole:

Dat Hollands as taal nie 'n eervolle plek in die openbare skole ingeneem het nie, blyk duidelik uit 'n register van die Albert Acadamy te Burgersdorp. Hier, soos in alle openbare skole van die tyd in Kaapland, het die onderwys 'n deur en deur Engelse gees geadem. Hollands het op gelyke voet met opsionele vakke soos Grieks en Latyn gestaan⁴⁾.

Die Gereformeerdes het as medium vir die onderwys die Hollandse taal verkies soos blyk uit "Het Plan".

-
- 1) Notule van die Algemene Vergadering van Kaapland, 1872, art. 21.
 - 2) D. Postma, "Hollandsche Taal en Hollandsche Geskiedenis" in "De Maandbode", 1 Des. 1881.
 - 3) De Redakteur, "Schoolnieuws" in "De Maandbode", 1 Aug. 1876.
 - 4) Ibid, 1 Feb. 1880.
 - 4) De Wet, Eufees-Gedenkboek, Burgersdorp, 67.

Dit wil egter nie sê dat die leer van Engels oor die hoof gesien is nie. Die plan het bepaal dat die eerste beginsels van die Engelse taal geleer moes word. Ons vind dan ook dat aan hierdie wens van die sinode uit-
voering gegee is .
¹⁾

In 1877 druk ds. Postma die Gereformeerdes se gevoel uit as hy kla oor die minderwaardige plek wat Hollands in die openbare skole inneem. Hy is nie teen die leer van Engels gekant nie; intendeel voel hy die noodsaaklikheid daarvan aan. Maar hy voel tog dat die Hollandse taal afgeskeep word .
²⁾

En tog is dit opmerklik dat ds. J. Lion Cachet die leerlinge van die skool op Beschuitfontein eksamineer en dan verklaar dat hy gevind het dat die hoër klasse vrae oor die Bybelse geskiedenis in Engels ook goed beantwoord het . Verder val dit op dat daar onder „Nadere Bepaling" van hierdie skool se reglement staan dat daar 'n „slecht gedrag teeken" was en dat die leerlinge wat praat of skeldname gee, of wat Hollands praat, of by die huis gepraat het, die teken om die hals sou kry. Dit wil dan tog blyk of hierdie skool wat goewernementsondersteuning ontvang het, se medium Engels moet gewees het.
³⁾
⁴⁾

Dat die Gereformeerde Kerk as sodanig Hollands bo Engels verkies het, blyk duidelik uit wat ds. D. Postma, stigter van hierdie kerk, sê. Sprekende van die Transvaalse sukses in die Eerste Vryheidsoorlog waarna die

-
- 1) De Redakteur, "Schoolnieuws" in "De Maandbode", 1 Aug. 1876.
 - 2) Ibid, "Schoolnieuws" in "De Maandbode", 1 Feb. 1880.
 - 3) D. Postma, "Over Het Onderwijs" in "De Maandbode", 1 April 1877.
 - 4) De Redakteur, "Reglement voor de Comitee het Schoolhouden en de School te Beschuitfontein" in "De Maandbode" 1 Feb. 1875.

strewe ontstaan het om die Hollandse taal vir die Hollands-sprekendes naas Engels te laat geld, hoop hy dat so 'n regmatige strewe met goeie gevolg bekroon sal word ¹⁾.

'n Gesonde houding neem ds. D. Postma ook in teenoor die poging om Afrikaans tot skryftaal te verhef. Hy is op hierdie stadium om verskillende redes wel daar-teen, maar "..... besluiten wij vooreerst maar als schrijf-en boekentaal de bestaande taal te behouden; maar wij zullen het den voorstanders van het nu door ons bestreden beginsel of poging niet kwalik neem, dat zij in al hun schrijven, spreken en preeken met hunne spraak te voor-schijn treden; en — hoopt men eens op eene litteratuur van die spraak, waaruit men dan eenigen dagen eene taal zoude kunnen opmaken, — dan zal men alzoo moeten doen; en in dat belang zouden wij het voorstanders van die spraak aanraden in al hul schrijven zoo op te treden, willen zij hun hoop verwezenlikek zien"

"En laat de toekomst voor zich zelve keus doen.

..... Wij echter denken, dat wij onzen tijd en krachten aan beter werk kunnen en moet wijden en zullen vooreerst nog niet mededoen" ²⁾.

f) Onderwysers van die Buurt- en Kerkskole:

'n Groot tekort aan onderwysers wat die ontwik-keling van die onderwys baie belemmer het, het die hele 19e eeu bestaan in al die Suid-Afrikaanse state ³⁾.

Hierdie tekort sou die Gereformeerde Kerk ook baie voel en gedurig is gekla oor 'n tekort aan onderwy-sers wat die oprigting van skole bemoeilik ⁴⁾. Gevolglik

-
- 1) D. Postma, "Hollandsche Taal en Hollandsche Geschiedenis" in "De Maandbode" 1 Des. 1881.
 - 2) Ibid, "Iets uit mij Voorlesing gehou in de College voor de Studenten" in "De Maandbode", 1 Des. 1879.
 - 3) Malan, Openbare Onderwys vir Blankes in die Oranje-Vrystaat, 14.
 - 4) De Redakteur, "Verslae van Gemeentes aan die Algemene Vergadering van Kaapland" in "De Maandbode" 1 Junie 188 is..... 73.

is veelvuldig gebruik gemaak van onbekwame onderwysers. Die sinode het op een stadium selfs daarvan gedink om onderwysers uit Nederland in te voer ¹⁾. Die tekort aan onderwysers was dan ook ongetwyfeld een van die redes waarom buurt- en kerkskole op 'n mislukking uitgeloop het.

Die salaris wat die onderwysers in die buurt- en kerkskole ontvang het, vergelyk baie gunstig met dié van die goewernementsonderwysers van daardie tyd. Soms het die onderwyser sy traktement aangevul deur op te tree as voorsinger, afgesien van die feit dat die meeste ook kosgangers gehuisves het.

Die onderwysers se posisie was onseker, want die skole het maar nie vir lank bestaan nie. Hulle moes nog verder die risiko loop om sonder salaris klaar te kom as ²⁾ die aandeelhouers nie kon betaal nie .

3) Samevatting:

Die oorsprong van die strewe van die Gereformeerdes om te sorg vir die opvoeding van hulle kinders is geleë in gehoorsaamheid aan die Heilige Skrif en hulle trou aan die doopbelofte. Vandaar dat Gereformeerde skole, aangemoedig deur die kerk, opgerig is. Nou is dit opmerklik dat, alhoewel die Gereformeerdes dit as beginsel ingesien het dat die ouers moet sorg vir die skole van hul kinders, die sinode van 1876 tog besluit het dat "Kerk moeten zorgen voor de School" en so kerk- en buurt-skole opgerig is. Maar die rede hiervoor is dat die Gereformeerde gemeentes nie oor die nodige ontwikkelde lidmate en die nodige organisasie beskik het nie. Hierdie skole wat onder die toesig van die plaaslike kerkrade gestaan het, is opgerig en in stand gehou deur die ouers.

1) Handelinge van die Sesde Sinodale Vergadering, 1876,
art. 17.

2) Steynsburgse Kerkraadsnotule, 3 Des. 1875, art. 14.

(Slegs in enkele gevalle is gebruik gemaak van staats-ondersteuning. En alhoewel die kerk hom nie direk daar-teen uitgespreek het nie, is die aannameing van staats-ondersteuning ontmoedig.) In hierdie jare was die getalle van die Gereformeerdes in die verskillende gemeentes nog maar klein en daarom is dit verbasend dat soveel skole nog opgerig en in stand gehou is.

Hierdie skole (met uitsondering van Beschuitfontein se skool) wat deur en deur 'n Christelike, Gereformeerde, nasionale gees geadem het, het egter op die duur nie kom kompiteer met die staatskole nie en het die een na die ander weens finansiële moeilikhede gesluit. Maar ook die gebrek aan bekwame onderwysers, manne wat die Gereformeerde beginsels toegedaan was, het stremmend ingewerk op die stigting van kerk- en buurtskole. Vandaar die wens en besluit dat die Teologiese Skool voortaan in hierdie behoefté sal probeer voorsien deur self onderwysers op te lei.